PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 2
BOEDELS

4 NOVEMBER 2020

14:00-16:15 Totaal: [100]

Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 uur volg dan.

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.

2. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.

3. Kandidate moet, soos nodig, hulle eie feite versin.

4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.

5. Kandidate hoef nie ‘n mondeling af te lê as 50% of meer behaal is nie, behalwe in uitsonderlike omstandighede. Kandidate wat minder as 40% behaal, kwalifiseer nie vir ‘n mondeling nie en het in hierdie afdeling gedruip.

LAW SOCIETY OF SOUTH AFRICA

VRAAG 1 **[59]**

A en B was getroud binne gemeenskap van goedere met mekaar. A sterf op die 13de Maart 2019. Hy word oorleef deur B sy vrou; sy meerderjarige seun C en sy meerderjarige seun D uit sy vorige huwelik. Sy minderjarige seun E het egter voor hom gesterf.

U vind in A se boedel:

1. ‘n Huis gewaardeer teen R1 700 000.00 met adres Dalelaan 27, Durban. Daar bestaan ‘n verband oor die eiendom ten gunste van ABSA Bank. Die bedrag uitstaande op die 13de Maart 2019 was R570 000.00. Toe die Eksekuteur die verband afgelos het was die uitstaande bedrag R574 000.00;

2. ‘n Motorvoertuig gewaardeer teen R260 000.00;

3. ‘n Vaste deposito by Capitec Bank. Die kapitaal belegging beloop R500 000.00. Die tjek aan die bestorwe boedel op die belegging het R517 000.00 beloop waarby ingesluit was rente van R11 000.00 tot 13 Maart 2019;

4. Huishoudelike ware gewaardeer teen R160 000.00;

5. ‘n Spaarrekening in B se naam by Style Bank met R16 780.00;

6. R66 000.00 verskuldig op ‘n kredietkaart aan Standard Bank. A het ‘n versekeringspolis gehad met Standard Bank wat hierdie bedrag ten volle afgelos het;

7. Finale aanslag verskuldig deur die oorledende aan SAID R19 700.00;

8. ‘n Lewenspolis met Sanlam op A se lewe tot die bedrag van R2 000 000.00 met B as die begunstigde;

9. ‘n Lewenspolis met Old Mutual op A se lewe. Die opgeloopte waarde was R850 000.00 en die afloswaarde was R410 000.00. Daar was geen aangewysde begunstigde nie;

10. Aandele in XYZ (Pty) Ltd gewaardeer teen R86 000.00 en verkoop deur die Eksekuteur vir die bedrag van R90 000.00;

11. Aandele in PQR Limited gewaardeer teen R7 000.00 en verkoop deur die Eksekuteur vir die bedrag van R9 000.00;

12. ‘n Lewenspolis met Momentum op A se lewe tot die bedrag van R1 000 000.00. A se seun D het al die premies betaal en was ook die enigste begunstigde onder die polis. Die totale bedrag van premies betaal deur D aan Momentum plus 6% rente was die bedrag van R38 160.00;

13. Administratiewe uitgawes (uitgesluit die Meestersgelde en die Eksekuteur loon wat u moet bereken) beloop R30 000;

14. Die begrafniskoste is gedek deur A se broer as ‘n donasie;

15. ‘n Opbrengs van R367 000.00 van die Samco Voorsorgfonds (Provident Fund).

In A se testament, wat deur die Meester van die Hooggeregshof aanvaar is, het A die volgende erflatings gemaak:

1.1 Aan sy vrou B, die woning Dalelaan 27, Durban;
1.2 Die restant van sy hele boedel aan sy seun D.

Ten spyte van A se bemaking aan D, verkies D dat sy bemaking aan sy halfbroer C gegee moet word. D doen afstand van sy bemaking soos uiteengesit onder paragraaf 1.2 bo.

Stel die hele Likwidasie- en Distribusie rekening op in die bestorwe boedel van A om in te dien by die Meester van die Hooggeregshof. Ignoreer enige BTW en Kapitaal Wins Belasting (Capital Gains Tax) berekeninge. Voorsien enige hipotetiese informasie wat u mag nodig ag.

VRAAG 2 [20]

Paul Mkhize het intestaat gesterf en word oorleef deur sy vrou Zanele wat 8 maande verwagtend is met hulle kind. Hulle was binne gemeenskap van goedere getroud. Hy word ook oorleef deur die volgende persone:

(a) Sy ouers, Eric en Judy;

(b) Sy seun Andy, wat hom (Paul Mkhize) vermoor het;

(c) Andy se seun Ben;

(d) Sy seun, Daniel, vanaf ‘n vorige huwelik;

(e) Sy vrou se dogter, Letta Ntuli, uit ‘n vorige huwelik;

(f) Sy meerderjarige dogter, Caroline wat afstand gedoen het van alle bemakings onder Paul Mkhize se bestorwe boedel;

(g) Caroline se seun Dennis;

(h) Sy meerderjarige aangenome dogter Rose;

(i) Rose se seun George.

Die gesamentlike verdeelbare boedel beloop R2 976 000.00 en bestaan net uit kontant.

Adviseer die Mkhize familie wie Paul se erfgename is en watter bedrag elkeen sal erf. Gee redes vir die antwoorde waar nodig.

VRAAG 3 [18]

U word genader deur Pamela Mali wat so pas geskei is van Zola Mali, om ‘n nuwe testament vir haar op te stel. Die Hof het aan haar volle voogdyskap toegestaan ten

opsigte van haar drie minderjarige kinders. Sy stel u in kennis dat sy ‘n gesamentlike testament het met haar vorige man (Zola Mali). Stel ‘n toepaslike testament op vir u kliënt (Pamela Mali) wat sal verseker dat behoorlike versorging voorsien sal word aan die drie minderjarige kinders.

VRAAG 4 **[3]**

‘n Meestersverteenwoordiger, wat aangestel is deur die Meester van die Hooggeregshof in terme van Artikel 18(3) van die Wet op Administrasie van Boedels, 66 van 1965, soos gewysig, hoef nie te voldoen aan die bepalings van die Boedel Wet nie. Gee drie voorbeelde daarvan.

- DIE EINDE -

LAW SOCIETY
OF SOUTH AFRICA